Publication: Beeld (Metro Suid)
Date: Wednesday, September 05, 2018

Redakteursbrief

Dit was so lekker om Vrydagaand te aanskou hoe honderde vroue gemaklik in hul eie vel voel.

Ons was by die bekendstelling van die 7% Tribe, 'n projek wat ten doel het om Suid-Afrikaanse vroue te bemagtig (lees die berig op bl. 6). Die feit dat elke vrou in haar mooiste uitrusting by hierdie glansgeleentheid by Steyn City in Midrand opgedaag het en dus die ene selfvertroue was, was reeds bemagtigend.

Die organiseerders het boonop deeglik in hul doel geslaag om 'n netwerk te skep: 'n Samehorigheid en 'n omgeekultuur het onmiddellik tussen die vroue geheers.

Masechaba Ndlovu, omroeper by Metro FM, het tydens die gesprek oor die geslagsgaping in die werkplek gesê vroue moenie met mans meeding of probeer om soos hulle te wees nie. Dis jammer dat vroue dikwels voel dis nodig. Inderwaarheid straal 'n vrou 'n eiesoortige onwrikbaarheid uit as sy haar vroulikheid aangryp sonder om daarvoor om verskoning te vra.

Ons kan die toekomstige vroueleiers juis bemagtig deur onsself te wees. Die jong meisies sal dan besef jy hoef nie by 'n manswêreld aan te pas om 'n leier te wees nie.

Jy hoef nie jou vroulikheid op te gee om 'n magsposisie te beklee nie.

Metro-groete
Jeanelle

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.